

SU Language Centre
IZiko leeLwimi lase-SU
US Taalsentrum
STELLENBOSCH UNIVERSITY

# Skep aanbiedings met selfvertroue

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

**Is aanbiedings voor 'n gehoor vir jou 'n nagmerrie?** Leer hoe om jouself met gemak en grasie te handhaaf en met selfvertroue 'n boodskap oor te dra.

## Waarop fokus hierdie kursus?

In hierdie praktiese kursus sal jy leer hoe om geslaagde, boeiende aanbiedings te ontwikkel en aan te bied. Jy sal waardevolle aanbiedingsbeginsels onder die knie kry en grondige teoretiese en praktiese kennis opdoen.

Die kursus sal jou help om:

- jou persoonlike styl en stempel in jou aanbiedings oor te dra
- te weet hoe belangrik liggaamstaal, handgebare, postuur en funksionele beweging is en hoe om dit te gebruik
- te oefen aan die verbale en fisieke wenke om selfvertroue tydens stresvolle interaksies toon
- grondige kennis van verskeie aanbiedingsmetodes en -strukture te ontwikkel
- jou aanbieding visueel op te kikker om jou gehoor te boei.

## Wat is die voorvereistes?

Jy sal toegang tot 'n rekenaar moet hê en jy sal ook elektroniese dokumente moet kan skep.

**Stel jy belang? Klik op hierdie skakel** en voltooi die aanlyn vorm. Ons sal vir jou verdere instruksies stuur nadat ons jou vorm ontvang het.

## Wie kan die kursus bywoon? Watter loopbaanvoordele hou dit in?

Indien jy aanbiedings duidelik en selfversekerd wil aanbied – hetsy aan 'n groot gehoor of gedurende een-tot-een onderhoude – dan is hierdie kursus vir jou! Ten einde 'n optimale leeromgewing te verseker beperk ons die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die kontaksessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

## Waar en wanneer vind hierdie kursus plaas?

Hierdie intieme **tweedagkursus** vind plaas van 09:00 tot 16:00 op die volgende datums in die Taalsentrum se Seminaarkamer in Kleine Bosch, Banhoekweg 44, Stellenbosch:

| | **Kontakdae** (09:00 tot 16:00) | **Openings- en sluitingsdatums** | **Inskrywings sluit** |
|---|---|---|---|
| **Aanbieding 1** | 30 en 31 Maart | 24 Maart tot 14 April | 10 Maart |
| **Aanbieding 2** | 7 en 8 September | 1 tot 22 September | 18 Augustus |

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg bestee:

- twee kontakdae van 09:00 tot 16:00
- een aanlyn aanbieding wat een week na die kontakdae plaasvind. Die datum word tydens die kontakdae bepaal

## Wie is die aanbieder?

**Eduard de Kock** is 'n uitstekende en innemende aanbieder, tolk, kommunikasie-kursusdosent en -fasiliteerder. Met sy fluweelstem en warm persoonlikheid help Eduard deelnemers om die selfvertroue te bou om hulself te laat geld. Hy is boonop 'n ervare seremoniemeester en vryskut-nuusleser en -verslaggewer vir Eyewitness News.



## Die kursusfooi is R5 700 per deelnemer.

- Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees.
- Die fooi sluit kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms in.
- Ons sal hierdie kursus net aanbied wanneer 'n minimum van tien kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

languagecentre.sun.ac.za/commslab/ michellep@sun.ac.za +27 (0)21 808 2812